# VIGS IN VISIER
## 'n Teologies-etiese besinning

J.H. van Wyk
Departement Dogmatologiese Vakke
HTS / PU vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*In this article the characteristics of Aids are touched upon and then the (rather difficult) question whether Aids should be seen as God's judgement over the sin (immorality) of man is discussed. Some typical aspects (sexual, medical, political and personal) are discussed and furthermore the line of argumentation is continued by elaborating on the calling of the church, the task of authorities and society as well as the responsibility of the family and the individual. The conclusion arrived at is that however serious the case of Aids may be, there is no room for pessimism, because Christians expect and await the full realisation of the kingdom of God. This expectation does not nullify but maximises man's responsibilty to fight Aids with all moral means at his disposal.*

## 1. INLEIDING

Wanneer daar oor die vraagstukke rondom Vigs besin word, word gewoonlik aandag gevra vir die oorsprong, wese, voorkoms en verspreiding daarvan. Hieroor het kundiges reeds veel geskryf en daarom word tans - ter wille van die nodige reliëf - volstaan met enkele inleidende opmerkings daaroor.

### 1.1 Oorsprong

Vigs is vir die eerste keer in 1981 in Porto Rico (Wes-Indië) onder die armes gediagnoseer, hoewel daar aanduidings is dat die siekte reeds eerder voorgekom het. Daar bestaan 'n sterk vermoede dat die siekte vanuit Afrika (waar dit waarskynlik onder ape voorgekom het) sy weg gevind het na Haïti ('n bekende vakansieoord van Amerikaanse homoseksuele) na die VSA en vandaar na Europa. Waar dit in Afrika veral onder heteroseksuele voorkom, word dit in die Weste veral onder homoseksuele mans aangetref (Eloff, s.j.:11,21), 'n feit wat veroorsaak het dat Vigs foutiewelik as 'n homo-siekte beskou word. "Daar is nie 'n direkte verband tussen die virus en homoseksualisme nie" (Pretorius, 1988:18). "It must be made clear that there is nothing in the homosexual orientation itself that makes an individual more likely to contract AIDS, nor is there

any practice, homosexual or otherwise, that actually generates the virus" (McCloughry & Bebawi, 1987:9).

Ondertussen het die endemie 'n epidemie, ja 'n pandemie geword (Douma, 1987:17). Dit kom wêreldwyd voor en is besig om baie groter afmetings aan te neem as die groot pes in Europa gedurende die veertiende eeu, die pokke-epidemie van die agtiende en die Spaanse griep van die twintigste eeu.

### 1.2 Wese

Wat is Vigs presies en waarvoor staan die akroniem? V-I-G-S staan vir verworwe immuniteitsgebrek-sindroom. In Engels is die akroniem AIDS, die afkorting van *acquired immune deficiency syndrome*. Die 'siekte' - want in wese is dit nie 'n siekte nie, maar dit gee vrye spel aan ander siektes - word deur 'n virus HIV (*human immunodeficiency virus*) veroorsaak wat die menslike immuniseringsisteem elimineer. Daarom word ook gepraat van 'sindroom', wat letterlik 'saam-hardloop' beteken (*sun* + *dramein*): die infeksie deur die virus kan lei tot die ontwikkeling van enige van 'n groep simptome of siektes. Dit is dus 'n uiters sluwe vorm van 'siekte' deurdat dit die menslike afweersisteem uitskakel. Die virus vestig hom in en passiveer die T-bloedselle wat juis die afweersisteem (B-selle) moet aktiveer. In beeldtaal gesê: die virus elimineer nie die soldate nie maar die generaals wat die bevele gee. Sodoende raak die menslike liggaam weerloos teen siektes soos slukdermontsteking, tering, herpes, meningitis (harsingvliesontsteking), kanker in die limfkliere en veral pneumonie (longontsteking) en 'n soort bloed/velkanker. Die mens sterf dus in werklikheid nie aan Vigs nie maar aan een of meer van die doodgewone siektes.

Die virus is ook in 'n tweede opsig verraderlik deurdat dit tot sewe jaar latent in 'n persoon aanwesig kan wees voordat dit toeslaan (lang inkubasietydperk). Daar moet dus duidelik onderskei word tussen geïnfekteerde persone (zero-positief) sónder simptome en mét simptome. Nie net laasgenoemde persone nie maar ook eersgenoemdes kan die virus versprei.

Die tydsduur van die 'siekte' wissel ook van geval tot geval. Soms sterf 'n persoon binne 'n baie kort periode en soms duur dit tot vier jaar.

Tot op datum is daar nog geen effektiewe teenmiddel ontwikkel nie en kenners is van oordeel dat daar nie gou 'n middel uitgevind sal word nie. Weliswaar is die virus al in 1983 deur 'n Amerikaanse (dr. Robert Gallo) en 'n Franse geleerde (dr. Luc Montagnier) geïsoleer en geïdentifiseer, maar daar is nog 'n lang pad voor voordat immunoloë, viroloë en epidemoloë 'n deurbraak sal kan maak. Tans bestaan daar nog net 'n

middel wat die 'siekte' kan vertraag (AZT: *azidothymidine*). Daarby moet in gedagte gehou word dat, selfs al sou 'n teenmiddel oornag ontdek word, dit nie sal help vir die duisende en selfs miljoene wat op hierdie stadium reeds geïnfekteer is nie.

## 1.3 Verspreiding

Die virus word hoofsaaklik deur twee liggaamskomponente versprei, naamlik deur sperma en bloed - maar dan ook slegs deur bloed-met-bloed kontak. Laer konsentrate is ook wel in vloeistowwe soos speeksel, urine, moedersmelk en trane geïdentifiseer, maar dit is nie so gevaarlik as eersgenoemde nie. "Vigs is 'n siekte wat met die intiemste komponente van die menslike bestaan geassosieer word" (Louw, 1988:68). Dit is 'n seksueel oordraagbare siekte wat nou saamhang met seksuele promiskuïteit, prostitusie en homoërotisme. In Sentraal-Afrika is vroulike prostitute die belangrikste verspreider en 50-90% van hierdie prostitute is HIV-positief (Eloff, s.j.:16). Die rondslaper, homofiel en heterofiel moet weet dat hy 'n sterk kandidaat vir infeksie is.

Vigs hang ook ten nouste saam met alles wat rondom en met bloed gebeur. Die spuitnaald van die medikus en die tandarts en veral dié van die dwelmslaaf, wat sonder genoegsame higiëne aangewend word, kan dodelik wees. Bloedoortappings, aanvanklik altans, en veral aan hemofiliste (bloeiers), het die virus wyd versprei, veral van Amerika na Engeland, aangesien Engeland baie bloed van Amerika ingevoer het. Dit is egter ook moontlik vir 'n geïnfekteerde moeder om die virus (deur middel van bloed) aan haar ongebore baba oor te dra.

Gelukkig kan die Vigsvirus nie vir lank buite die menslike liggaam lewe nie en is Vigs ook nie 'n hoogs aansteeklike siekte nie. Medici beweer dat dit glad nie, of nie maklik nie, deur die volgende oorgedra kan word: groet, soen, hoes, nies, asemhaal, eetgery, bad, beddegoed, swembad, toilet en Nagmaalsbeker - altyd natuurlik op voorwaarde dat daar nie bloed-tot-bloed kontak is nie.

Dit is uit bogenoemde duidelik dat die volgende persone hoë risikogroepe uitmaak: ongebonde homofiele, promiskuïste, dwelmslawe - dus almal met onveilige en immorele sekspraktyke; verder hemofiliste (aanvanklik altans) en babas (as die moeder besmet is); en wat nasionaliteite betref: veral Haïtiane en Afrikane uit Midde-Afrika (Zaïre, Uganda en Ruanda).

Die verspreiding van Vigs is besig om wêreldwyd onbeteueld toe te neem en Suid-Afrika is geen uitsondering op hierdie reël nie. Dit is ook geen wonder nie dat statistiese gegewens binne 'n paar maande agterhaal is. Daarom laat ons na om hier na spesifieke statistiek te verwys (vgl. Antonio,1987:67-93; Eloff, s.j.:8 e.v.). Daarby

moet natuurlik deeglik in berekening gebring word dat getalle en statistiek slegs maar 'n deel van die groot verhaal vertel.

### 1.4 Voorkoming

Dit is begryplik dat van alle kante voorstelle gemaak word om Vigs te bekamp. Vanuit meer humanistiese hoek word gepleit vir die gebruik van kondome sodat hierdie voorbehoedmiddel wat met die oog op die voorkoming van (ongewenste) lewe ontwikkel is, vandag aanbeveel word vir die voorkoming van 'n ongewenste dood (Wouters, 1987:24). In die staat New York het 'n predikant selfs tydens die Sondag-erediens kondome uitgedeel (Douma, 1987:26)! Die probleem is egter dat kondome nie altyd veilig is nie. 'n Ander aanbeveling is dat homoseksuele persone hulle tot een lewensmaat moet beperk.

Vanuit die Christelike etiek word egter gewys op veiligheid en heiligheid, ook wat die seksuele betref, op seksuele soberheid, op die selibaat en monogamie, in kort, op 'n lewe *coram Deo*. Dit word hoe langer hoe meer duidelik dat heropvoeding nodig is ten opsigte van die funksie van seksualiteit in die mens se verhoudingslewe (vgl. Hancock & Carim, 1987:40-50). Daar word egter later weer op hierdie aspekte ingegaan.

## 2. TEOLOGIESE BESINNING

### 2.1 Die dogmatiese vraagstelling

Dit is ietwat ongewoon om 'n dogmatiese onderwerp in 'n etiese debat aan te sny. Tog moet gesê word dat dogmatiek en etiek - en pastoraal - so nou met mekaar verweef is dat dit alleen tot groot skade kompartementalisties behandel kan word. Douma het iewers tereg die opmerking gemaak dat dogmatiek sonder etiese gehalte leeg is en etiek sonder dogmatiese gehalte blind is.

Die groot vraag wat hier aan die orde kom, is of Vigs gesien moet word as straf en oordeel van God oor die sonde van die mens, spesifiek dan die sonde van die homoseksuele mens. Daar is trouens diegene wat dit sien as 'n duidelike oordeel van God (Douma, 1987:25-40; vgl. De Bruyn,1990:365-370) terwyl ander (Hartmann, 1987a; WRK, 1987; Post, 1987) van die teendeel oortuig is. Hierdie stand van sake roep indringende dogmatiese vrae na vore: Het Vigs iets met God en met die Godsbestier te doen? Straf God sonde? Straf Hy sonde persoonlik aan elke individu en/of aan die gemeenskap? Aan hierdie vraagstelling moet in hierdie verband meer as gewone aandag bestee word.

Hierdie vrae is nie alleen belangrik vir die etiek nie maar ook vir die pastoraal (vgl. Wentsel, 1987:581; Louw, 1988:76). Dit is immers geen kleinigheid vir 'n pastor om aan 'n gelowige mee te deel dat 'n bepaalde siekte as straf van God oor sy sonde gesien moet word nie!

Douma (1987:7,25,26) maak beswaar daarteen dat daar in talle geskrifte oor Vigs veral op die mediese en pastorale aspekte daarvan ingegaan word terwyl die etiese (dogmatiese?) problematiek nie behoorlik uit die verf kom nie. Hy maak beswaar teen die moderne Godsbeeld (1987:28), soos ook Velema (1976:141) in 'n ietwat ander verband, waar God vir die pastoraat bruikbaar is maar in sy wêreldbestier te kort skiet (vgl. Wouters, 1987:63-70,101-103, spesifiek 70,103). Douma (1987:29-31) weet natuurlik goed dat lyding in die Bybel verskillende betekenisnuanses het en dat elke ramp nie noodwendig 'n oordeel van God is nie, maar, oordeel hy, in die geval van Vigs is die oordeel van God duideliker as by ander epidemies: by Vigs is daar immers 'n duidelike verband tussen lewenstyl (homoseksualiteit) en die gevolge daarvan (1987:31-34). Vigs is natuurlik meer as 'n siekte, en dit is ook meer as 'n oordeel: dit is 'n teken van God wat ons almal oproep tot besinning en bekering, 'n oproep om uit ons hedonisme (genot sonder God) wakker te word en soos die verlore seun na die Vaderhuis terug te keer (1987:34-40).

Die vraag is of hierdie oordeel van Douma korrek is en of dit nie dalk 'n oorreaksie is nie. Is sy evaluering van hierdie besondere problematiek nie te afhanklik van sy siening van homoseksualiteit nie? Natuurlik is daar 'n verband tussen Vigs en homoseksualiteit, maar dit kan ook van homoseksualiteit losgemaak word. Dit het trouens nie sy oorsprong in homoseksualiteit nie en dit kom ook by heteroseksuele persone voor.

Watter lig bied die Skrif in hierdie verband, veral dan oor die verhouding tussen sonde en straf/siekte? (Vgl. Louw, 1985:17-36; Shelp & Sunderland, 1987:55-76; en verder König, 1990:193-198; Jüngel, 1988:3-13; Van de Beek,1984.)

### 2.2 'n Onmiskenbare relasie

Gaan ons die Skrifgegewens in hierdie verband na, dan blyk daar 'n onmiskenbare relasie tussen die sonde van die mens en die oordeel van God te wees. Die Ou en Nuwe Testament is hieroor eenstemmig.

Die ganse *Ou Testament* is daarvan vol. Reeds die eerste hoofstukke van Genesis verhaal daarvan: "Die dag as jy daarvan eet, sterf jy" (2:17). Die sondvloedverhaal bring dieselfde boodskap: die Here God oordeel die aarde vanweë sy totale korrupsie

(Gen. 6:11-13). Ook Sodom word deur God getref vanweë sy onmenslikheid en onsedelikheid (Gen. 19; Judas 1:7). Die uittoggeskiedenis is vol mededelinge oor die oordeel van God. Die Here straf die volk vanweë die oprigting van die goue kalf (Eks. 33); Korag, Datan en Abiram word gestraf vanweë hulle rebellie teen Moses (Num. 16). Die ballingskap van Israel en Juda word herhaaldelik met die sondes van die volk van die Here verbind (vgl. Jes. 42:23-25,50:1,65:6-7; Jer. 30:15, 32:32). Jona moet die oordeel van God oor Nineve aankondig omdat die stad so sleg is. Ook in die Psalms is die verband tussen sonde en oordeel duidelik (Pss. 6 en 38).

Wat die *Nuwe Testament* betref (vgl. Floor, 1979; Velema, 1978; Wurth, 1963), kom hierdie aspek duidelik in die prediking van Christus voor. Daar is 'n duidelike verband tussen die sonde (ongeloof) van Gorasin, Betsaida en Kapernaum en hulle (eind-) oordeel (Matt. 11:20-24; vgl. Joh. 5:14). Ook in die prediking van Paulus ontbreek dit nie. 'n Duidelike voorbeeld daarvan vind ons in 1 Korintiërs 11 waar die lidmate op ongepaste (d.w.s. liefdelose) wyse nagmaal gevier het. As gevolg hiervan, sê Paulus, "is daar baie swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle" (v. 30). Paulus beskou hierdie 'oordeel' van die Here egter nie as 'n 'veroordeling' nie (v. 31). 'n Ander sprekende voorbeeld, wat juis oor seksuele etiek handel, vind ons in 1 Tessalonisense 4:6. Hier waarsku die apostel teen onsedelikheid en wek hy die mans op om eerbaar met hulle vrouens te leef en mekaar nie te bedrieg nie, "want die Here straf al sulke dinge". Trouens, die aankondiging van die komende oordeel van God is een van die onmisbare komponente in die sendingprediking van Paulus: God roep al die mense tot bekering, "want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het" (Hand. 17:31; vgl. 24:25). Dit is vanweë die "vrees van die Here" dat Paulus probeer om die mense te oortuig (2 Kor. 5:11).

Die Skrif is ook daaroor duidelik dat daar eenmaal 'n finale of eindoordeel sal wees (Hand. 17:21, passim).

Ons belydenis is dus korrek as daar staan dat God nie die ongehoorsaamheid van die mens ongestraf laat bly nie, maar dat Hy Hom verskriklik vertoorn oor die aangebore sowel as die werklike sondes en dat Hy dit deur 'n regverdige oordeel *tydelik* en *ewiglik* wil straf (Heidelbergse Kategismus, Sondag 4, vraag 10).

Mag ons nou uit bogenoemde gegewens die konklusie trek dat Vigs as 'n oordeel van God oor persoonlike en gemeenskapsondes gesien mag word ? Daar word later weer op hierdie vraag teruggekom.

## 2.3 'n Ondeursigtige relasie

Afgesien van bogenoemde Skrifgegewens wat 'n duidelike verband tussen sonde en oordeel daarstel, is daar ook ander Skrifgegewens wat daarop dui dat die verband nie altyd deursigtig, in die sin van direk aantoonbaar, is nie. Dat die sonde die oorsaak van alle ellende op aarde is, is waar, maar die oorsaaklike verband tussen bepaalde sondes en bepaalde oordele is nie altyd transparant nie. In die Ou Testament is daar selfs 'n hele boek waarin hierdie saak bespreek word en die simplistiese kousaliteitsdenke - God straf elke sonde aan elke persoon op 'n direk aantoonbare wyse, (vgl. Job 22:5) - deurbreek word. God handel eenvoudig nie altyd so deursigtig nie. Hy het soms ook nog ander pyle op sy boog. Soms wil Hy die mens deur pyn en lyding en siekte beproef en dieper van Hom afhanklik maak. So het Hy met sy kneg Job gedoen en so wil Hy vandag ook nog doen (vgl. Ps. 41).

In die prediking van Christus is daar twee opvallende verwysings na hierdie problematiek. In Lukas 13 word van Pilatus gesê dat hy 'n aantal Galileërs op wreedaardige wyse laat doodmaak het. Die vraag was voor die hand liggend: was hierdie Galileërs dalk groter sondaars as die ander Galileërs wat nie so wreed omgekom het nie? Die tweede verwysing uit Lukas 13 handel oor die agtien (waarskynlik Jerusalemmers) wat omgekom het toe die toring van Siloam (hierdie keer 'n 'natuurramp') op hulle omgeval het. Was hierdie agtien dalk skuldiger as die ander mense in Jerusalem?

In beide gevalle deurbreek Christus die goedkoop oorsaaklikheidsdenke en buig Hy die waarom-vraag om tot 'n waartoe-vraag. Hy ontneem sy vraestellers ook elke selfverontskuldiging en wys daarop dat voor God alle mense skuldig is. Wat God van mense verwag, is nie allerlei spekulasies oor die skuldvraag nie, maar bekering, dit wil sê 'n wegkeer van die sonde in jou en buite jou en 'n toekeer na die lewende God, 'n verandering van gesindheid en gestalte, van hart en daad, van innerlike en uiterlike: "As julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom" (Luk. 13:3,5). (Dit was trouens ook die Goddelike bedoeling van die gerigsprediking van Jona, naamlik die bekering en behoud van Nineve; Jona 4:2.)

Die tweede voorbeeld kom uit Johannes 9, waar die dissipels van Christus 'n baie gladde verband probeer lê tussen die blindheid van 'n man en sy sonde (of die sonde van sy ouers). Ook hier wys Christus die deduktiewe denkwyse af en plaas die gestremdheid van die man in 'n ander konteks: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word" (Joh. 9:3).

Die vraag ontstaan nou of uit hierdie Skrifgegewens die konklusie getrek mag word dat daar hoegenaamd geen verband tussen Vigs en die oordeel van God is nie. Is God op

geen enkele wyse by die Vigsepidemie betrokke nie ?

### 2.4 Evaluering

Die simplistiese kousaliteitsdenke bring ons voor onoplosbare vrae te staan. As iemand baie straf verduur en baie swaar kry, beteken dit dan dat hy baie gesondig het? Omgekeerd, as iemand min straf verduur en min swaarkry, beteken dit dat hy min sonde gedoen het? Lewe groot sondaars nie dikwels alte lekker nie (Luk. 16:19; vgl. Ps. 73)? Konkreet toegepas op die vrae rondom Vigs: as Vigs 'n oordeel van God oor homofiele persone is, wat dan van diegene wat Vigs opgedoen sonder immorele dade (bv. hemofiele); is lesbinisme, waar Vigs feitlik nie voorkom nie, dan nie sonde nie (McCloughry & Bebawi, 1987:15); het diegene wat nie Vigs opgedoen het nie minder sonde as diegene wat dit wel opgedoen het; moet uit die feit dat Vigs meer in Afrika as in die Weste voorkom, afgelei word dat Afrika meer sonde as die Weste het? (Hoek, 1987a:660.)

Aan die ander kant is daar ook 'n simplistiese anti-kousaliteitsdenke wat so ver deurgevoer word dat die soewereiniteit van God in gedrang kom. Wentsel (1987:573-587) het myns insiens op 'n sinvolle wyse aangetoon binne watter verbande lyding in die Skrif ter sprake kom, naamlik verbondsbreuk, versoening, beproewing, opvoeding, imitatio, verheerliking (van God) en in eskatologiese perspektief (vgl. ook Durand, 1978:95-114 en in die algemeen Calvyn, III 8:1-11; Wurth, 1957:256-275; Heyns, 1982:493-518). Wentsel probeer tereg die gevare van fatalisme en kasualisme vermy. Hy waarsku dat dit gevaarlik is om 'n 'vanselfsprekende' verband tussen persoonlike skuld en straf te lê, maar oordeel dat "deze relatie kan terdege aanwezig zijn" (Wentsel, 1987:575; vgl. Miller,1990: 211-212). Ook Durand (1978:110) konkludeer dat "die Bybel onmiskenbaar 'n algemene verband lê tussen sonde en lyding, maar dan tog so dat daar nie uit bepaalde gevalle spesifieke gevolgtrekkinge gemaak kan word nie" (vgl. Velema, 1978:15). Lyding hang dikwels saam met loutering (1 Kor. 11:32), selfs al figureer persoonlike sonde ook op die agtergrond. In elk geval moet lyding altyd gesien word as 'n oproep tot bekering, as 'n wegbreek van die ou sondige lewe en die opstaan in 'n nuwe lewe tot eer van God en tot heil van die naaste (Luk. 13:5; Heb. 11:7; 2 Pet. 2:5). Die Skrif gee blykbaar "geen eenduidige verklaring op 'n veelhoekige probleem nie" (I.W.C. van Wyk, 1988:459).

Die lydensvraag vind ten diepste in die koms en werk van Jesus Christus sy sinvolste antwoord (vgl. Rossouw,1981). Die mankement van die moderne teologie is dat met die deurstreep van die oordeel van God ook die realiteit van die vergewing in gedrang kom. "God se medelyde en liefde staan nie in 'n dualistiese spanning tot sy regering in toorn oor die terrein van die kwaad nie, omdat sy toorn juis die toorn van sy heilige

liefde is en met teuellose en normlose wraakuitoefening niks te maak het nie. Die toornende God handhaaf sy reg, maar *in die handhawing gee Hy sy Seun tot versoening van die wêreld.* In Christus Jesus kom dit alles tot sy volle openbaring, wanneer God se regverdige oordeel in die lydensweg van die kruis uitloop op die opstanding en die oorwinning van die kwaad" (Durand, 1978:112).

Afgesien van die reeds genoemde verbande, moet die Vigsepidemie veral ook in eskatologiese perspektief geplaas word. In Matteus 24:7-8 verwys Christus na oorloë, hongersnode en aardsbewings (en volgens Luk. 21: 11 ook na epidemies - vgl. Op. 16). Hiervan sê Hy dat dit "geboortepyne" is, "die begin van die nuwe tyd". Die gerigte van God is tekens van sy koms en bevat dus 'n appèl tot omkeer en opstanding, vernuwing en aktiwiteit (Wentsel, 1978:575). Vigs, soos alle ander 'euwels', byvoorbeeld toename in geweld, disintegrasie van die huwelik, armoede, aborsie, is 'n aanduiding dat mense die norme van God verwerp. Daarom staan almal onder die oordeel van God (McCloughry & Bebawi, 1987:19). God is egter in sy genadige oordeel besig om uit hierdie ou wêreld 'n nuwe wêreld voort te bring waar alles reg sal wees en geen sonde en siekte, geen dood en demone meer plek sal hê nie.

Het Douma dan nie te ver deurgeredeneer nie? By alle waardering moet ek met die bevinding van Hoek (1987a:660) saamstem: "Toch heb ik wel het gevoel dat Douma iets te rechtlijnig redeneert." Al is dit nie so eenvoudig om Vigs as direkte oordeel van God oor konkrete sondes te sien nie, gaan dit nie buite die soewereine regering van God en die koningsheerskappy van Christus om nie: dit is 'n teken van die komende oordeel maar daarom ook van die komende verlossing en voleinding.

### 2.5 Etiese aspekte

Tot dusver is veral oor *dogmatiese* aspekte gehandel sodat die vraag met reg gestel kan word waar die *etiek* dan inpas. In talle verhandelings oor Vigs as *etiese* probleem, gaan die hantering op in óf 'n dogmatiese besinning óf 'n pastorale diskussie. Tog kan nie ontken word nie dat met Vigs 'n hele aantal morele vrae saamgaan, waarvan die verwysing na homoseksualiteit maar een is (vgl. Louw, 1988:73-75; Hartmann, 1987b:25-32). Dat onsedelikheid in die sin van promiskuïteit in alle eeue voorgekom het, is 'n bekende feit, maar Vigs het hierdie werklikheid op 'n verbluffende en onthullende wyse onder ons aandag gebring en sodoende ingrypende vrae rondom die seksuele, mediese, politieke en persoonlike etiek aan die orde gestel.

Wat die *seksuele etiek* betref, het Vigs opnuut 'n hedonistiese lewenshouding van 'genot sonder God' ontbloot. Die siekte ágter die 'siekte' is 'n outonome lewensinstelling waar die mens weier om aan die gebod van God gehoorsaam te wees. En hierdie ge-

bod sê dat God die *huwelik* van een man met een vrou ingestel het en dat by implikasie alle seksualiteit daarbuite nie kán deug nie. Daarom moet dit waardeer word indien medici nog in hierdie rigting adviseer (Eloff, s.j.:37,45). Wie seks tog buite die huwelik om wil beproef, besmet uiteindelik die wêreldsamelewing soos die radio-aktiewe deeltjies van 'n kernbom die atmosfeer besoedel (vgl. Meiring, 1989:162-164). Die kern van die probleem is geleë in seksuele (en kulturele) gedragspatrone (Kriel,1990:31) en moet dus dáár in berekening gebring word.

Hiermee saam gaan natuurlik die dringende vraag aan die *gesinsetiek* in verband met die doeltreffende en verantwoordelike voorligting van seksualiteit aan die kind. Nie net die beoefening van vrye seks buite die huwelik om is immoreel nie, maar ook die nalaat van seksvoorligting aan die jeug, 'n aspek waarin daar radikale verandering sal moet intree. Hierin het die ouers 'n onnalaatbare opdrag maar dit sal deur die skool op 'n verantwoorde wyse aangevul moet word.

As gevolg van die hoë voorkoms van Vigs is ook 'n aantal belangrike vrae aan die *mediese etiek* gestel (vgl. Miller, 1990:212). So word die vraag gestel of medici en verpleegsters nie 'n te veroordelende houding teenoor Vigspasiënte inneem nie. Daar word gevra of alle moontlike voorsorgmaatreëls by inspuitings en bloedoortappings getref word. Waarom sterf daar nog steeds mense aan Vigs vanweë besmette bloedoortappings? Word alles moontlik gedoen om teenmiddele teen die Vigsvirus te vind? Beveel medici nie te maklik kondome as voorsorgmaatreël aan nie? Samevattend: word die mediese etiek deur meer as net 'n humane of humanistiese etiek gestempel en hou dit genoegsaam rekening met Christelike etiese norme?

In die Suid-Afrikaanse konteks kan dit nie anders nie as dat ook gewys moet word op die uiters belangrike faset van *politieke etiek*. Dit is immers 'n aanvaarde feit dat die voorkoms van Vigs onder die swart bevolking baie hoog is en die vraag is akuut *waarom* dit die geval is. Hang dit saam met armoede en plakkery, werkreservering en werkloosheid, trekarbeid en politieke diskriminasie, in kort, met die totale politieke raamwerk waarin die swart bevolking leef? Dit is waar dat ons tans in 'n politieke oorgangsituasie verkeer wat die belofte inhou van 'n veel groter lewensruimte vir die swart bevolking, maar die nadelige gevolge van die apartheidsisteem ten opsigte van huwelik en seksualiteit sal nog lank voortduur en die versoekings rondom promiskuïteit meer as normaal stimuleer. Dit is dus van die allergrootste belang dat in die politieke etiek rekening gehou word met die gevolge wat die staatshuishouding vir die seksuele en huweliksetiek inhou en dat 'n immorele strukturering van die samelewing skadelike morele gevolge met hom meebring.

Wat die *persoonlike etiek* betref, kom die vraag na vore of elke Christen inderdaad leef binne die grense van 'n verantwoorde seksuele etiek, 'n seksuele etiek wat hom oriën-

teer op die gebod van God. Doen elkeen alles moontlik om die besmetting en verspreiding van Vigs te voorkom, of is ek bereid om ander saam met my oor die afgrond te ruk in 'n gesindheid van ' I'm not going alone' (Louw, 1988:73)?

In 'n etiese beoordeling van Vigs gaan dit dus om veel meer as 'n blote afwysing van homoseksualiteit én om meer as slegs 'n menswaardige hantering van die Vigs-pasiënt (Louw, 1988:73), aangesien die etiek alle aspekte van mens-wees raak.

Wat in die geval van Vigs dringend nodig is, is 'n verantwoordelikheidsetiek wat hom hou aan die norme van die Woord van God.

## 3. VERANTWOORDELIKHEIDSETIEK

### 3.1 Die roeping van die kerk

Slegs enkele van die belangrikste en relevantste aspekte van die kerklike roeping word hier uitgelig.

Allereers moet die kerk die nodige *morele voorligting* aan die gelowiges verskaf. Dit sal veral moet plaasvind deur middel van prediking, kategese en pastoraat. 'n Swaar aksent sal op seksuele reinheid en huwelikstrou gelê moet word. Hiermee word geensins 'n Victoriaanse benadering bedoel nie (vgl. De Knijff, 1987:235 e.v.), maar wel 'n benadering in die styl van die Bybel, dit wil sê 'n benadering waar seksualiteit as gawe van God gewaardeer word maar 'n gawe wat slegs dan veilig is indien dit binne die God gestelde grense van huwelikstrou funksioneer.

Tweedens is 'n *pastorale begeleiding* van die Vigs-pasiënt broodnodig (vgl. veral Louw, 1988 en Louw, 1990; verder Shelp & Sunderland, 1987: 91-121; Wouters, 1987:93-103; Grewel, 1988:173 e.v.). Die pastor moet daarteen waak om oorhaastig 'n veroordelende houding in te neem en hy moet hom laat lei deur die herderlike benadering van Christus wat aan die seksuele sondares opdrag gee om te gaan en nie meer te sondig nie (Joh. 8:1-11) en wat aan die berouvolle krimineel aan die kruis die ewige lewe belowe (Luk. 23:40-43). Die pastor moet groot begrip toon vir die skrikwekkende en magtelose omstandigheid waarin 'n Vigs-pasiënt hom bevind, die stigmatisering, die emosionele isolasie, die liggaamlike verswakking, die angs vir 'n onafwendbare dood. In 'n baie groot mate sal die pastorale begeleiding dus uit sterwensbegeleiding moet bestaan.

Derdens kan op die aspek van *diakonale versorging* gewys word (Wouters, 1987:104-113). Die diakens sal teenoor 'n Vigs-pasiënt as mens, as beeld van God, al is dit 'n

uiters geskonde beeld, die nodige respek moet betoon. Hulle sal, soos Christus teenoor die melaatses, solidêr moet wees met die persoon in nood. Hulle sal helpend en versorgend moet uitreik om sover moontlik die leed en angs te versag.

In die vierde plek kan die aspek van *gemeenskapsbeoefening* vermeld word. Aangesien Vigs nie 'n maklik aansteekbare siekte is nie, moet die gemeente van Christus nie terugdeins om 'n Vigslyer in die warm gemeenskap van die gemeente te ontvang nie (Meiring,1989:159). Dit sluit die erediens in en selfs die Nagmaalsviering, waar tans nog geen gevaar van oordrag bestaan nie (vgl. Jansen, 1990:9-11; Douma, 1987:56-67; Wouters, 1987:86; Louw, 1988:77; McCloughry & Bebawi, 1987:9; Hartmann, 1987b:42; Miller,1990:215). Die mens in nood en angs het die omringende bystand en gemeenskap van die gemeente van Christus baie nodig.

## 3.2 Die taak van die regering en die samelewing

Ook in hierdie verband word op slegs enkele relevante aspekte gewys (vgl. Miller,1990:213-214).

Dit lê voor die hand dat die huidige regering tot taak het om noulettend te waak oor die volkshuishouding en volksgesondheid. Deur middel van voorligting, van informasieburo's en van toetssentrums moet gepoog word om Vigs sover moontlik te bekamp. Douma (1987:42-44) gaan selfs sover om te sê dat 'n goeie regering (maar nie die kérk nie!) die aandag op die gebruik van kondome mag vestig ten einde besmetting te minimaliseer (vgl. Grewel, 1988:181). Noodsituasies vra noodmaatreëls. Dit is egter van die uiterste belang dat 'n regering alles in die werk moet stel om die volle samewerking van die hele bevolking te probeer verkry. Daarsonder is alle voorkomingsprojekte vrugteloos.

'n Ander moeilike vraag is dié in verband met gedwonge Vigstoetse. Talle navorsers is van mening dat Vigstoetse hoe langer hoe meer 'n dringende noodsaaklikheid word - en dit nie alleen in die geval van versekeringsmaatskappye nie. In Frankryk word byvoorbeeld 'n Vigstoets vereis voordat 'n huweliksertifikaat uitgereik word. In die geval van buitelandse arbeiders en besoekers asook immigrante behoort dit 'n vereiste te wees, nie met die bedoeling om 'n onbarmhartige houding in te neem nie maar met die doel om die pandemie van Vigs sover moontlik onder kontrole te probeer kry. Dit sluit nie uit nie dat Vigs-pasiënte vanuit die buiteland in binnelandse versorgingsoorde opgeneem en behandel kan word .

Moeiliker is die vraag of aparte gevangenisse vir persone met Vigs opgerig behoort te word (ook hier kom die vraag in verband met die voorsiening van kondome na vore).

Moontlik kan daar op hierdie vraag geen algemene antwoord gegee word nie en sal dit baie van bepaalde landsomstandighede afhang. Genoeg om te sê dat 'n regering tot taak het om ook in hierdie verband die uiterste voorsorg te tref.

Daar bestaan 'n sterk gevoel dat dit moreel verantwoord is om 'n gediagnoseerde Vigslyer van 'n kriminele oortreding aan te kla wanneer hy/sy welbewus met 'n nie-Vigslyer seksuele gemeenskap het.

Wat die werksituasie betref, "is daar geen rede tot kommer ten opsigte van HIV-positiewe werknemers nie. Kollegas van sulke persone loop geen gevaar om besmet te raak nie solank alle kontak met bloed, semen en ander liggaamsvloeistowwe van so 'n persoon vermy word. Dit spreek vanself dat HIV-persone nie hoef op te hou werk nie" (Eloff, s.j.:39).

### 3.3 Die verantwoordelikheid van die gesin en die individu

Die verantwoordelikheid van die gesin en die individu sluit onder meer die volgende in: voorligting, voorkoming en in die geval van 'n Vigslyer, onderskraging. Daar moet naarstig gepoog word om die verspreiding van die virus te voorkom, iets wat onder meer deur 'n hoogstaande morele lewe bereik kan word. In hierdie geval rus daar 'n baie swaar verantwoordelikheid op iemand wat reeds positief gediagnoseer is. As hy 'n Christen is, moet hy die smart wat oor hom gekom het, in die geloof aanvaar en verwerk (vgl. Rossouw, 1981), selfs al sou dit in verband staan met 'n immorele lewe. Hy mag nie vergeet nie dat God 'n berouvolle sondaar liefhet. Dit is nooit te laat om jou in volle vertroue op God te werp nie. Al sou hierdie aardse lewe feitlik al sy glans verloor het, wag daar vir die kind van God 'n onvoorstelbaar heerlike lewe op die nuwe aarde onder die nuwe hemel.

Terwyl 'n gesin uiterste sorgsaamheid en bystand teenoor 'n Vigslyer behoort te betoon, mag 'n Vigslyer nooit toelaat dat sy emosies op loop gaan nie in 'n gesindheid van 'as ek dan moet gaan, dan trek ek soveel moontlik saam met my oor die afgrond heen'.

## 4. SLOT

**Vigs verkondig aan 'n ganse mensdom die volgende waarheid: die genotmoraal, sportmoraal en ontspanningsmoraal het nie gewerk nie. Die eksperiment met seks het misluk. Seksualiteit benodig 'n vaste struktuur wat op permanensie, verantwoordelikheid en liefdestrou gebaseer is. Seksualiteit is gebaseer op 'n verantwoordelikheidsmoraal wat die behoeftes van *eros* nie los van die huwelikstruktuur van *agape* sien nie. Monogame heteroseksualiteit met die aksent op**

duursaamheid en verantwoordelike huwelikstrou word deur die problematiek van Vigs opnuut onderstreep (Louw, 1988:78).

Maar ons moet nog 'n stappie verder gaan, en ons keer terug na wat eerder opgemerk is: Vigs is, soos oorloë, hongersnode en aardbewings, 'geboortepyne' van die komende koninkryk van God (Matt. 24:7-8). Dit herinner ons daaraan dat God op weg is, op weg is om te oordeel ja, maar om uiteindelik alles nuut te maak, 'n nuwe hemel, 'n nuwe aarde en nuwe mense, waar daar geen traan meer gestort, geen dood meer gesterf en geen pyn meer gely word nie (Op. 21:1-5). Die eerste dinge, die sonde, die dood, die duiwel, ook Vigs, gaan verby. Wat blywend is, is geloof, hoop en liefde; God, Christus,'n nuwe wêreld, 'n nuwe mensheid.

Daarom moet die pandemie van Vigs ons nie angsvallig maak nie, hoe skrikaanjaend dit ook al mag wees, maar moet ons dit enersyds as 'n uitdaging sien om ons verantwoordelikheid daarteenoor tot die laaste druppel na te kom, en andersyds moet dit ons verwagting rig op die heerlike dinge wat God belowe het, naamlik die koms van sy koninkryk in volheid.

## 5. BIBLIOGRAFIE

ANTONIO, G. 1987. The Aids cover-up? The real and alarming facts about aids. San Fransisco : Ignatius Press.

CALVYN, J. 1559. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom : CJBF. (Vertaling H.W. Simpson,1988.)

DE BRUYN, P.J. 1990. Vigs en menslike gedrag: 'n Teologies-etiese beoordeling. *Koers*, 55(3):357-375. September.

DE KNIJFF, H.W. 1987. Venus aan de leiband: Europa's erotische cultuur en christelijke sexuele etiek. Kampen : Kok.

DOUMA, J. 1987. Aids - meer dan een ziekte. Kampen : Van den Berg.

DURAND, J.J.F. 1978. Die sonde: Wegwysers in die dogmatiek 3. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

ELOFF, F.P. s.j. Vigs. Hammanskraal : Unibook.

FLOOR, L. 1979. Het gericht van God volgens het Nieuwe Testament. Amsterdam : Buiten & Schipperheijn.

GREWEL, H. 1988. Brennende Fragen christlicher Ethik. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.

HANCOCK, G. & CARIM, E. 1987. Aids: The deadly epidemic. London : Victor Gollancz.

HARTMANN, H. 1987a. Aids: De kerken een zorg ...? *Evangelisch Commentaar*: 9-11. Jan. 9.

HARTMANN, H. *red.* 1987b. Aids en de kerken. Delft : Meinema.

HEYNS, J.A. 1982. Teologiese Etiek I. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HOEK, J. 1987a. Is aids meer dan een ziekte? *De Waarheidsvriend*: 659-660. Okt. 22.

JANSEN, B.C. 1990. Die beker en siektes: 'n Valstrik vir gelowiges in die Nagmaal? *Die Kerkblad*, 93(2840):9-11. April, 4.

JüNGEL, E. 1988. The Christian understanding of suffering. *Journal of Theology for Southern Africa*, 65:3-13. December.

KRIEL, J. 1990. Vigs en die grense van die mediese wetenskap. *Die Suid-Afrikaan*, 29:29-31. Oktober/November.

KöNIG, ADRIO. 1990. Bondgenoot en beeld: Gelowig nagedink deel 4: Oor die wese van die mens en die sonde. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

LOUW, D.J. 1985. Sin in lyding: 'n Teologiese besinning rondom kruis en opstanding. Kaapstad : Lux Verbi.

LOUW, D.J. 1988. Vigs, die radikale siekte met die radikale uitdaging aan die pastorale bediening. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 29(1):66-79. Januarie.

LOUW, DANIEL 1990. Ministering and counselling the person with aids. *Journal of Theology for Southern Africa*, 71: 37-50. June.

McCLOUGHRY, R. & BEBAWI, C. 1987. Aids: A Christian response. Nottingham : Grove Books.

MEIRING, P.G.J. 1989. Vigs - dié keer deur 'n sendingkundige bril. *Skrif en Kerk*, 10(2): 155-167.

MILLER, G.G. 1990. Aids: A theological and pastoral response. *Koers*, 55(2): 209-220.

POST, D. 1987. Vinger opheffen of hand uitsteken: Aids, de kerk en wij. *Centraal Weekblad*: 14. Okt. 23.

PRETORIUS, P.L. 1988. Vigs: Reaksie en perspektief I,II,III. *Woord en Daad*, 28(312):17-18; 28(313):10,12; 28(314):8-9.

ROSSOUW, H.W. 1981. Die sin van die lewe. Kaapstad : Tafelberg.

SHELP, E.E. & SUNDERLAND, R.H. 1987. Aids and the church. Philadelphia : The Westminster Press.

VAN DE BEEK, A. 1984. Waarom? Over lijden, schuld en God. Nijkerk : Callenbach.

VAN WYK, I.W.C. 1988. Die 'verleentheid' van die teoloog voor die teodiseeprobleem. *Hervormde Teologiese Studies*, 44(2):450-461. Junie.

VELEMA, W.H. 1976. De zaak waarvoor wij staan. Amsterdam : Buiten & Schipperheijn (119-146).

VELEMA, W.H. 1978. De rechtvaardiging van de straf: Een ethische benadering. Amsterdam : Ton Bolland.

WENTSEL, B. 1987. God en mens verzoend: Godsleer, mensleer en zondeleer : Dogmatiek 3a. Kampen : Kok.

WORLD COUNCIL OF CHURCHES (WRK). 1987. Aids and the church as a healing community. Genève.

WOUTERS, D.N. 1987. Aids: Een testcase voor de kerk. Kampen : Kok.

WURTH, G.B. 1957. Het Christelijk leven: Grondlijnen der ethiek. Kampen : Kok.

WURTH, G.B. 1963. Schuld en straf in het licht van de bijbelse verkondiging. Baarn : Bosch & Keuning.